# Verrassende uithouvermoë

## Wêreldwye ekonomiese nuus: April 2010

**Deur Kevin Lings, STANLIB-ekonoom en Melissa Dyer, Groep Adviesdienste**

Die jongste Ekonomiese Krisismonitor toon ‘n duidelike verbetering in die wêreldwye ekonomie. Die boodskap van die mark is een van merkwaardige uithouvermoë, maar die vraag is of die herstel sal voortduur wanneer die stimuluspakkette eers op ‘n einde is.

### Redes vir die herstelvermoë

Die mark se herstelvermoë is waarskynlik aangehelp deur die Europese Unie se verbintenis ter ondersteuning van Griekeland, die onlangse beter-as-verwagte Amerikaanse kleinhandelverkoopsyfers en die feit dat die Federale Reserwe onlangs bevestig het dat die Amerikaanse rentekoers vir ‘n verlengde tydperk ‘buitengewoon laag’ sal bly.

### Voet van versneller af: hoe om die stimulus-pakkette te beëindig

Die grootste uitdaging vir regerings wêreldwyd – asook een van die vernaamste risiko’s vir die wêreldwye ekonomie en finansiële markte – is hoe regerings dit gaan regkry om hul massiewe ekonomiese stimulus-veldtogte, wat ongekende lae rentekoerse en ‘n stuwing in regeringsbesteding behels het, te verlangsaam sonder om die vooruitsigte vir ‘n volhoubare ekonomiese herstel te skaad.

Ideaal gesproke, het beleidsmakers ‘n volhoubare verbetering in indiensnemings- en verbruikersaktiwiteite nodig sonder ‘n kommerwekkende styging in inflasie. Ongelukkig is werkverskaffing in die meeste vername ekonomieë steeds onder druk. Dit sal verbruikerskrag, wat noodsaaklik is vir die voortgesette herstel van die wêreldwye ekonomie, bly ondermyn.

### STANLIB se Ekonomiese Krisismonitor.

Die doel van die krisismonitor is om te probeer meet of beleidsreaksies op die wêreldwye ekonomiese krisis werk of nie. Dit is veral van toepassing op die Verenigde State van Amerika, aangesien dit steeds die wêreld se sleutel-ekonomie is.

Ons het 15 aanwysers gekies wat drie sleutel-areas van die Amerikaanse ekonomie weerspieël: Huiskoop-bedrywigheid, Kredietmarkte en die Werklike Ekonomie. Sommige van die veranderlikes vir hierdie aanwysers het steeds bly verbeter:

- **Die Amerikaanse leidende aanwyser:** Dit is die akkuraatste aanwyser van Amerikaanse groei binne 6 tot 12 maande. Hierdie aanwyser styg deurgaans skerp, maar dit sal na verwagting in die volgende paar maande ‘n hoogtepunt bereik.
- **Eise wat met werkverlies verband hou**: Die aantal mense wat in die afgelope weke vir die eerste keer werkloosheidsversekering geëis het, was teleurstellend nadat die syfer laat verlede jaar merkbaar gedaal het.

- **Inventarisvlakke**: Die oortollige voorraadvlakke waarmee ondernemings aan die einde van 2008 gesit het, is klaarblyklik weggewerk en die hoeveelheid inventaris wat as ‘n persentasie van verkope gehou word, is terug na die vlakke van voor die krisis.
- **Amerikaanse huismark**: Markbedrywighede het afgeneem, maar dit is blykbaar hoofsaaklik vanweë uiters swak weerstoestande. Talle komponente van die huismark se herstel bly steeds redelik broos. ‘n Belangrike toets lê na April 2010 voor, wanneer die huidige belastingstimulus vir die koop van nuwe en bestaande wonings opgeskort gaan word.

# STANLIB Ekonomiese Krisismonitor

| | Aanwyser | Geen verbetering | Tentatiewe verbetering | Duidelike verbetering |
|---|---|---|---|---|
| **Huisvestingsbedrywighede** | | | | |
| **1** | Huispryse | | | **Ja** |
| **2** | Huis-inventarisse | | | **Ja** |
| **3** | Huisverkope | | | **Ja** |
| **4** | Behuisingspermitte | **Nee** | | |
| **5** | Verband-aansoeke (nuut) | | | **Ja** |
| **Kredietmarkte** | | | | |
| **6** | Verbandkoerse | | | **Ja** |
| **7** | Verband-herfinansiering | | | **Ja** |
| **8** | Korporatiewe verbandverspreiding | | | **Ja** |
| **9** | Vix indeks | | | **Ja** |
| **10** | TED-verspreiding | | | **Ja** |
| **Werklike ekonomie** | | | | |
| **11** | ISM | | | **Ja** |
| **12** | Leidende aanwyser | | | **Ja** |
| **13** | Weekliksie werkloosheidseise | | | **Ja** |
| **14** | Kommoditeitspryse | | | **Ja** |
| **15** | Inventarisse | | | **Ja** |
| **Telling** | | **1/15** | **0/15** | **14/15** |

*“Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”*